# HOOFSTUK 3

## *KOALISIE EN SAMESMELTING*

### 3.1 INLEIDING

Die kwessie van Suid-Afrika se verhouding met Brittanje het 'n prominente rol in samesprekings tussen politici wat koalisie en samesmelting nagestreef het, gespeel.

Tussen 1916 en 1920 was daar verskeie pogings om 'n vereniging tussen die SAP en die NP te bewerkstellig.[1] 'n Skerp verskil oor die vraagstuk of Suid-Afrika die reg besit het om homself van die Britse Ryk los te maak al dan nie, het hierdie samesmeltingspogings tussen die SAP en die NP laat misluk.[2] Die mislukking van dié pogings het meegebring dat voorafgaande beleidsverskille oor Suid-Afrika se Britse konneksie voortgesit is. Suid-Afrika se Britse konneksie was ewe-eens 'n onderhandelingsvraagstuk toe die SAP en die Unionisteparty van sir Thomas Smartt in 1921 saamgesmelt het. Beide partye het geglo dat Suid-Afrika 'n hegte band met Brittanje moes handhaaf.[3]

Suid-Afrika se Britse konneksie was ook sterk ter sprake toe die NP van generaal J.B.M. Hertzog en die AP van kolonel F.H.P. Creswell 'n samewerkingsooreenkoms (PAKT) gesluit het. Hertzog het namens sy party onderneem om ter wille van samewerking met die Arbeiders nie tydens die regeertydperk van die PAKT Suid-Afrika se reg op sesessie van die Britse Ryk te propageer nie.[4]

---

1 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.353-373.

2 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.370-373; vgl. F.S. Crafford, ***Jan Smuts: a biography***, p.194.

3 P.F. van der Schyff, ***Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek, 1910-1921*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1964), pp.158-161, {die Unioniste Party is in 1910 gestig as 'n Britsgeöriënteerde party}.

4 M.P.A. Malan, ***Die Nasionale Party van Suid-Afrika*** ..., pp.80,81; kyk hoofstuk 1, p.30.

## 3.2 TIELMAN ROOS: DIE KATALISATOR VAN KOALISIE

Vir Tielman Roos, leier van die NP in Transvaal en Minister van Justisie in die PAKT-regering, was Hertzog se toegewing aan die Arbeiders om tydelik die sesessievraagstuk van die NP te verswyg, 'n groot opoffering.[5] Hy was immers 'n sterk Republikein en het hom in die jare direk na die Eerste Wêreldoorlog onderskei as die nasionale leier wat die sterkste teen Suid-Afrika se Britse konneksie te velde getrek het.[6]

Tydens die PAKT-regering sou die ideaal om enersdenkende Afrikaanssprekendes in een party te akkommodeer, sterk gepropageer word. Dit was veral Roos wat hom beywer het om alle gemeenskaplike vyande van die ou Unionisteparty in die NP in te trek. Naas Roos het sy leier, Hertzog, hom op 25 September 1924 tydens die NP-kongres in Pretoria tot die SAP gewend met oproepe tot hereniging. Hertzog was, soos Roos, van mening dat die SAP sonder die Unioniste-element in sy midde, in die NP geabsorbeer moes word.[7]

Die idee van samewerking tussen die NP en die SAP het na 1925 weer sterk op die voorgrond getree. Dit het ook by sekere lede van die SAP aanklank gevind, waaronder veral J.H. Hofmeyr, Administrateur van Transvaal, en Gys Hofmeyr, oud-Administrateur van Suidwes-Afrika (Namibië). In die geledere van die NP was dit steeds Roos wat die gedagte van hereniging onder die lede van die NP en die oud-SAP-lede bepleit het.[8]

Sedert 1925 het die klimaat vir samewerking tussen die NP en die SAP aansienlik gunstiger voorgekom as wat vroeër die geval was. Beide Hertzog[9] en Roos[10] het die Balfour-verklaring[11] as die vervulling van Suid-Afrika se onafhanklikheidsideaal

---

5 J.P. Brits, ***Tielman Roos: sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907-1935***, p.165.

6 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.101.

7 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.88,89.

8 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.90.

9 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 5, Jul. 1924 - Sep. 1932, {Hertzog se toespraak in Pretoria, 20 Des. 1926}, p.102.

10 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.267.

11 Kyk hoofstuk 1, pp.33-36.

beskou. Gevolglik was sesessie van die Britse Ryk nie langer vir hulle 'n politieke kwessie nie.

Kolonel Deneys Reitz, voormalige Minister en SAP-LV vir Port Elizabeth-Sentraal, het op 15 Junie 1925 op Robertson die gevoel uitgespreek dat, aangesien vraagstukke soos sesessie en die Republikeinse strewe deur Hertzog op die agtergrond geskuif is, die tyd vir die NP geleë was om by die SAP in te skakel.[12]

Gedurende 1927 het Roos hom sterk vir die stigting van 'n sentrale party beywer. Nie die Nasionaliste, Arbeiders of die SAP was geneë om met enige ander party in 'n koalisie saam te werk nie. Roos het die opposisie verwyt vir hul verset teen sy plan om 'n sentrale regering op nasionale grondslag tot stand te bring. Sy toenadering tot die SAP het ondersteuning onder Nasionaliste en Arbeiders laat kwyn. Toe hy in 1929 uit die politiek getree het, het hy nietemin steeds 'n sterk aanhang onder Transvaalse Nasionaliste gehad.[13]

Aangesien daar heelwat spanning tussen Roos en Hertzog enersyds en Roos en Malan andersyds was, het Roos se aankondiging dat hy in Junie 1929 uit die Kabinet sou bedank vir Hertzog waarskynlik groot verligting gebring.[14] Dit was nie slegs as gevolg van gesondheidsredes dat Roos tot so 'n stap oorgegaan het nie. Hy het self sy gespanne verhouding met Malan as rede gegee.[15]

Roos het na sy bedanking na Duitsland vertrek vir behandeling en in Augustus 1929 laat weet dat sy toestand verbeter het. Die opposisiepers het oor sy hertoetrede tot die politiek bespiegel. Roos het egter in Oktober aan die Transvaalse NP laat weet dat hy as gevolg van sy siekte nie weer as leier verkiesbaar is nie. 'n Paar weke later is hy as Regter in die Appèlhof aangestel.[16]

Roos se belangstelling in politiek het geensins afgeneem nie. Hy het in Julie 1929 uit Duitsland die moontlikheid van 'n konsolidering van partye met J.H. Hofmeyr bespreek. Hulle was dit eens dat konsolidasie van die NP en die SAP wenslik was. Vir Roos was twee sake van kardinale belang: dat die onafhanklike status wat

12 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, deel 3 ..., p.94.

13 J.P. Brits, *Tielman Roos* ..., pp.340,341.

14 J.P. Brits, *Tielman Roos* ..., p.361.

15 J.P. Brits, *Tielman Roos* ..., p.353.

16 J.P. Brits, *Tielman Roos* ..., p.363; vgl. O. Pirow, *James Barry Munnik Hertzog*, p.141.

dominiums met die Balfour-verklaring ontvang het, nie verwater moes word nie en dat die nie-blanke kwessie opgelos moes word.[17]

Aan die einde van 1929 het 'n ekonomiese insinking in Amerika ingetree. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die ineenstorting van die aandelemark in Wall Street. Suid-Afrika het die vloedgolf behoorlik gevoel. Die land is veral deur werkloosheid, dalende pryse vir landbouprodukte en 'n gebrek aan voldoende afsetgebiede en markte vir die produkte getref.[18]

Die benarde ekonomiese toestand in Suid-Afrika aan die begin van die dertigerjare, sowel as die feit dat invloedryke figure begin het om die samewerking tussen politieke partye te bepleit,[19] het as stimulus vir die samewerkingidee gedien.

Hoewel Roos teen 1930 baie geesdriftig oor die stigting van 'n koalisieparty was, het NP-leiers soos Hertzog en Malan dit sterk teëgestaan.[20] Die kwessie van Roos se terugkeer na die politiek was sedert sy bedanking in Junie 1929 'n onderwerp waaroor voortdurend bespiegel is. Louis Esselen, Hoofsekretaris van die SAP, het Smuts op 11 Desember 1929 meegedeel dat dit onder Roos se vriende bekend was dat hy weer na die politiek sou terugkeer. Vir Oswald Pirow, Minister van Justisie, wat in noue voeling met Roos was, het dit teen 1930 duidelik geword dat Roos weer politieke aspirasies gekoester het. Pirow se lojaliteit aan Roos was nog sterk en hy het selfs by hom aangedring om dadelik tot die politiek terug te keer. Terwyl Pirow bereid was om uit sy Kabinetspos te bedank ter wille van Roos, was P.G.W. (Piet) Grobler, Minister van Lande en leier van die NP in Transvaal, bereid om sy leierskap van die NP aan Roos aan te bied.[21]

Benewens Pirow en Grobler se pro-Roos-houding, was daar talle veldtogte om Roos in die politiek terug te kry. Hertzog het bewus geraak van só 'n veldtog onder Transvaalse Nasionale Parlementslede en daarom het hy op 2 Mei 1930 vir Grobler en generaal J.C.G. Kemp, Minister van Landbou ontbied. Hertzog het Grobler versoek om nie Roos se terugkeer tot die politiek te propageer nie, aangesien hy dit

---

17 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.366.

18 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.151.

19 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.367; (Sir Abe Bailey was een van die invloedrykes wat samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes bepleit het).

20 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., pp.367,368.

21 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.369.

afgekeur het. Hertzog het ook verklaar dat hy vanweë sekere omstandighede nie weer vir Roos in die Kabinet kon opneem nie. Die volgende dag het Hertzog dieselfde boodskap aangaande Roos aan Pirow oorgedra.[22]

Hoewel Roos groot aanhang onder Transvaalse Nasionaliste geniet het, was hy tog nie oral gewild nie. Sy versoenende houding teenoor die SAP en sy aandrang dat Artikel 4 van die NP-konstitusie vir die doel gewysig moes word, het sommige Nasionaliste verontrus. Dit was waarskynlik hierdie Nasionaliste waarna S.D. de Wet, NP-LV vir Heidelberg, verwys het toe hy op 12 Mei met Hertzog oor Roos gesels het. De Wet het Hertzog meegedeel dat betroubare Transvalers dit met Hertzog eens was dat die veldtog om Roos na die politiek te laat terugkeer, ongewens was.[23] Ondanks De Wet se mededeling het Roos aansienlike aanhang onder die gewone burgers in Transvaal geniet. Daarvan getuig twee reuse petisies wat Nasionaliste in Transvaal aan die einde Mei en begin September opgestel het ten einde Roos na die politiek te laat terugkeer. Die tyd vir sy terugkeer was egter nog nie ryp nie.[24]

Hoewel die NP die 1929-verkiesing met gemak gewen het,[25] het die politieke gety in die dertigerjare teen hulle gedraai. Die eenheid in die party was besig om te verbrokkel en die wêreldwye ekonomiese depressie waarna hierbo verwys is, het Suid-Afrika erg geteister.[26] Om sake nog verder te bemoeilik, het Brittanje, Suid-Afrika se belangrikste handelsvennoot, besluit om op 21 September 1931 van die goudstandaard weg te beweeg.[27]

Suid-Afrika se Britse konneksie was meteens weer in die politieke weegskaal. Moes Suid-Afrika Brittanje se voorbeeld volg of moes hy sy eie kop volg en op ekonomiese terrein die band met Brittanje verbreek? Hertzog en die meerderheid

---

22 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.369; vgl. O. Pirow, ***James Barry Munnik Hertzog***, p.141.

23 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.370.

24 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.372.

25 M.P.A. Malan, ***Die Nasionale Party van Suid-Afrika*** ..., p.116.

26 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.372.

27 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., p.14.

van die NP-lede het gemeen dat Suid-Afrika steeds die goudstandaard moes handhaaf.[28]

Met Smuts aan die voorpunt het die opposisie gaandeweg meer druk op die Regering geplaas om sy beleid te verander.[29] Esselen het gehoop om die goudstandaardkwessie op te los deur Hertzog en Smuts te versoen. Esselen het in November 1931 met Roos samesprekings gevoer ten einde die moontlikheid van 'n middelparty te bespreek. Smuts wou egter niks daarvan weet nie en het sy Hoofsekretaris meegedeel dat hul party eerder die Regering se goudstandaardbeleid eenparig moes beveg.[30]

Bespiegelings oor Roos se terugkeer tot die politiek en die stigting van 'n sentrale party onder sy leiding was aan die begin van 1932 aan die orde van die dag. 'n Engelse Kaapse dagblad het melding gemaak van 'n versoekskrif wat in Natal gesirkuleer het waarin Roos gevra is om die leiding te neem in die stigting van 'n nuwe party wat uit lede van beide partye saamgestel kon word.[31]

Roos het Hertzog op 15 Februarie oor die aangeleentheid gespreek en gesê dat die opposisie sy naam gebruik om die Regering en die NP af te breek. 'n Week later, op 22 Februarie, het Pirow aan Hertzog gemeld dat 'n persoon namens Smuts vir Roos genader het met die voorstel dat Smuts vir hom (Roos) sou terugstaan. Aan Roos is ook vertel dat 'n aansienlike getal SAP- en NP-lede bereid was om hom te volg. Dit sou meebring dat Roos 'n aksie teen die goudstandaard moes loods. Daarvoor het hy egter nie kans gesien nie en die saak was afgehandel. Smuts het dit ten sterkste ontken dat hy kop in een mus met Roos was.[32] Roos het op dieselfde dag egter laat deurskemer dat hy nie glo dat Suid-Afrika veel langer die goudstandaard kon handhaaf nie.[33]

---

28 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., pp.17-19.

29 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., pp.89-91.

30 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.377; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.201.

31 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.202.

32 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.202.

33 O. Pirow, ***James Barry Munnik Hertzog***, p.143; vgl. J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.377; {Volgens Brits was dit Hertzog wat gemeen het die opposisie misbruik Roos se naam. Brits het in die verband na C.M. van den Heever se biografie oor Hertzog verwys}.

Gerugte uit Bloemfontein dat Roos 'n nuwe party sou stig, het ook die rondte gedoen. Nadat Charles Malan, Minister van Spoorweë en Hawens, aan Hertzog gerapporteer het dat 'n petisie in Bloemfontein sirkuleer waarin Roos versoek is om as leier van 'n nuwe party op te tree, het Hertzog op 1 Maart vir Roos daaroor gekonfronteer. By Hertzog was daar nie twyfel dat Roos self agter die petisie gesit het en dat dit sy doel was om Hertzog as Eerste Minister te vervang nie. Hertzog het Pirow oortuig dat Roos die NP wou beveg.[34]

Die koerante het gedurende die laaste ses maande van 1932 net oor Roos se planne gegis. In die tydperk het Roos in voeling met Colin Steyn, oud-NP-LV vir Bloemfontein-Suid en Arthur Barlow, oud-AP-LV vir Bloemfontein-Noord gebly. Roos was ook taamlik gereeld met Smuts in verbinding.[35]

Die Germistonse tussenverkiesing wat die SAP op 30 November 1932 oortuigend gewen het,[36] was waarskynlik vir Roos genoeg aanduiding dat die uurglas vir die NP leeg geloop het. Kort daarna het Barlow en Steyn hom genader om hulle te help om die Nasionaliste in die Parlement te verdeel om Hertzog sodoende te onttroon. Dit was duidelik dat Roos sy vinger op die pols van die Suid-Afrikaanse politiek gehad het. Dit was tyd vir hom om op te tree. Op 16 Desember 1932 was hy die hoofspreker tydens 'n groot Geloftefeessaamtrek op Haakboslaagte naby Lichtenburg.[37]

Roos het 'n koalisie tussen die twee hoofpartye, die NP en die SAP, bepleit en gewaarsku teen die ondergang van die boer. Op 21 Desember het hy sy politieke voornemens bekend gemaak. Hy wou nie slegs 'n koalisie bewerk nie, maar sou hom ook vir die devaluasie van Suid-Afrika se betaalmiddel beywer. Die goudstandaard moes opgehef word.[38]

---

34 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., pp.377,378; vgl. O. Pirow, ***James Barry Munnik Hertzog***, p.144.

35 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.381.

36 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*** ..., p.185.

37 J.P. Brits, ***Tielman Roos*** ..., p.381; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.203.

38 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., p.103.

Roos se optrede het landwye spekulasie met die Suid-Afrikaanse pond meegebring. Die uitvlug van kapitaal uit die land het die Suid-Afrikaanse Regering uiteindelik genoop om op 27 Desember 1932 die goudstandaard af te skaf.[39]

Nadat Roos die Regering tot prysgawe van die goudstandaard gedwing het, het daar groot onsekerheid in die land oor die politieke klimaat met betrekking tot koalisie geheers. Groter duidelikheid oor die omvang van Roos se aanhang en die wyse waarop die verskillende politieke partye op Roos se koalisieplan sou reageer, sou vroeg in 1933 bewerkstellig word.[40]

Roos se optrede in verband met die goudstandaard het veroorsaak dat samewerking tussen hom en Hertzog feitlik buite die kwessie geraak het. Op 4 Januarie het die Kaaplandse NP-hoofbestuur sy sterk afkeur teen Roos se optrede uitgespreek. Dat Roos wel die steun van talle Nasionaliste geniet het, was egter nie te betwyfel nie. Roos het volgens J.G. Strydom, NP-LV vir Waterberg, genoeg ondersteuning onder Volksraadslede gehad om die Regering tot 'n val te bring.[41]

Roos het in der waarheid op 4 Januarie 'n groot skare in Pretoria toegespreek. Hy het gemeen dat koalisie onvermydelik was en laat blyk dat hy nader aan Smuts en die SAP as aan die NP gestaan het.[42]

Die NP-koukus het met die houding van Roos nog vars in die geheue op 5 Januarie 1933 in Kaapstad, met uitsondering van Louw Steytler, NP-LV vir Albert, eenparig hul vertroue in Hertzog uitgespreek. Die Natalse en Transvaalse Nasionaliste is op dieselfde dag deur hul Hoofbesture in 'n dissiplineringsmosie vermaan teen enige optrede wat die beginsels van die NP sou aantas of ontrouheid teenoor Hertzog in die hand sou werk.[43]

Te midde van die politieke onsekerheid het verskeie NP- en SAP-takke aan die begin van 1933 'n besluit geneem waarin Hertzog en Smuts versoek is om 'n nasionale regering te vorm. Terwyl Smuts bereid was om met Hertzog saam te werk, het

---

39 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., pp.104-108.

40 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.209.

41 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.210.

42 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.211,212.

43 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.210.

Hertzog 'n "volksregering" met Smuts as onmoontlik beskou.[44] Hertzog se ongeneentheid om saam te werk het Roos se toenadering tot Smuts aangehelp.

Intussen het Roos se gewildheid toegeneem. Hy is op 6 Januarie deur 'n groot skare in Kaapstad verwelkom. Hy het sy toehoorders verseker dat 'n Smuts-Roos-koalisie spoedig tot stand sou kom wat die Hertzog-regering maklik uit die kussings sou lig. Roos het twee keer gepoog om Malan, leier van die NP in Kaapstad, te oorreed om die koalisieplan te steun. Malan het egter nie daarvoor kans gesien nie.[45]

Roos het telkens by die voorste NP-leiers 'n onsimpatieke oor gekry. Hy het gevolglik sy heil by die SAP gesoek. Op 10 Januarie 1933 het die eerste formele samesprekings tussen Roos en die SAP plaasgevind. Louis Esselen, een van Smuts se Hoofraadgewers, het swaar op Roos gesteun om lig op 'n donker politieke prentjie te werp. Hy het egter nie gedink dat Roos Eerste Minister sou word nie. Hoewel Smuts bereid was om as leier vir Roos terug te staan, het sy kollegas glad nie daarvoor kans gesien nie.[46]

Die Koalisieregering wat Roos beplan het, moes uit vyf Nasionaliste en een Arbeider, wat deur die Premier aangewys sou word, asook vyf SAP-lede, wat deur Smuts aangewys moes word, bestaan. Roos se eis dat die Premierskap aan iemand toegeken moes word wat in beide groepe aanvaarbaar moes wees, het getoon dat hy op 'n bedekte wyse die pos vir homself wou reserveer. Hierdie plan van Roos was vir die SAP-voormanne soos Esselen, J.H Hofmeyr, Deneys Reitz en Patrick Duncan te deursigtig. Op 13 Januarie het Hofmeyr aangekondig dat onderhandelinge tussen die SAP en Roos misluk het.[47]

Die opportunistiese Roos-Smuts-koalisie kon, op papier bereken, daarin slaag om Hertzog uit die kussings te lig.[48] Ondanks sy gewildheid en triomftog in Kaapstad, het Roos egter onder die Republikeinsgesindes in die Vrystaat heelwat wind van voor gekry. Roos het op 16 Januarie in Durban ook 'n sterk pleidooi vir koalisie

44 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.213.

45 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.214,215.

46 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.215,216.

47 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.216,217.

48 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.217,218.

gelewer, maar soos in die Vrystaat, het hy teenstand gekry. Engelssprekendes wat voorstanders van 'n federasie was, het Roos se koalisieplan met agterdog bejeën.[49]

Ondanks die mislukking van die samesprekings tussen Roos en Smuts het die geesdrif vir 'n koalisie hoog geloop. Koalisiekomitees is oral in die land gestig. Uit opposisiegeledere het die aandrang op 'n koalisie algaande versterk, dog die meerderheid NP-takke en -ondersteuners het die Roos-beweging sterk veroordeel.[50]

Smuts was bereid om weer met Roos oor koalisie te onderhandel. Op 19 Januarie het Smuts, Hofmeyr, Roos en Colin Steyn by Smuts se huis ontmoet. Roos was meer inskiklik as voorheen. Smuts het hom egter laat verstaan dat koalisie, met of sonder Roos, wel in die afsienbare toekoms sou realiseer.[51] Smuts het in 'n mate die wind uit Roos se seile gehaal deur te impliseer dat hy Roos nie nodig gehad het om 'n koalisie te vorm nie.

Op dieselfde dag, 19 Januarie, wat die Smuts-Roos-samesprekings plaasgevind het, het die NP-koukus weer eenparig hul volle vertroue in Hertzog uitgespreek. Roos en drie van sy ondersteuners, Hjalmar Reitz, NP-LV vir Brits, Carel Potgieter, NP-LV vir Noordoos-Rand, en Henry Moll, NP-LV vir Christiana, was afwesig.[52]

Op die vooraand van die 1933-Parlementsitting wat op 20 Januarie sou begin, was dit duidelik dat Roos se planne nie vir die NP of die SAP aanvaarbaar was nie. Nadat Roos vir baie jare koalisie gepropageer het, was dit vir die NP steeds nie 'n haalbare oplossing nie.

Die NP het koalisie met die vernietiging van sy voortbestaan geassosieer. Generaal J.C.G. Kemp, Minister van Landbou, se mening dat 'n Koalisieregering die prysgawe van al die beginsels van Nasionaliste sou inhou, was 'n weerspieëling van die meerderheid Nasionaliste se gevoel oor die kontensieuse saak. Kemp het daarop gewys dat die afskaffing van die goudstandaard Suid-Afrika nog duur te staan sou kom.[53]

---

49 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.219,220.

50 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.222,224.

51 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.227,228.

52 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.228.

53 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.227.

Kemp het hier op Suid-Afrika se Britse konneksie gesinspeel, want Suid-Afrika se afskaffing van die goudstandaard het ekonomiese bande met Brittanje weer aansienlik verstewig. Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie is met die prysgawe van die goudstandaard 'n gevoelige slag toegedien.

Aan die begin van 1933 was die SAP in die algemeen ontvankliker vir die gedagte van 'n koalisie as die NP. Die koalisievorm wat deur vooraanstaande lede van die SAP, soos onder andere Duncan en Smuts, gepropageer is, moes 'n ware nasionale staat en Regering tot stand bring.[54] Só 'n Regering moes rassehaat bestry en Ryksamewerking bevorder, aldus Smuts.[55]

Vir hom was die behoud van die Britse konneksie in enige koalisievorm van die uiterste belang.

## 3.3 KOALISIE

Smuts se toespraak op 24 Januarie 1933 in die Parlement waarin hy voorgestel het dat die Regering 'n koalisie met die SAP moes oorweeg,[56] het 'n besonder belangrike era in die Suid-Afrikaanse politiek ingelui.

Die moontlikheid van samewerking tussen die twee groot politieke partye en leiers wat mekaar vir baie jare fel teëgestaan het, was meteens in die kollig. Dit was nou Hertzog se skuif. Hy het gou gereageer, maar sy antwoord aan Smuts was 'n besliste nee vir koalisie. Dit was volgens hom net tussen geesgenote moontlik.[57]

'n Hele aantal ministers, waaronder N.C. Havenga (Finansies) en J.C.G. Kemp (Landbou), het hul steun aan Hertzog toegesê. Havenga het gesê dat hy huiwerig was om met persone wat nie die NP ten opsigte van groot vraagstukke gesteun het nie saam te werk. Hy het onder andere na die behoud van Suid-Afrika se onafhanklike status en die land se nasionale vlag verwys.[58] Kemp het in dieselfde

54 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A54.4.1: letter from P. Duncan to L. Curtis, 7 Oct. 1932.

55 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.228.

56 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Jan. 1933, kol. 36.

57 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Jan. 1933, kol. 46-53; vgl. A. Paton, ***Hofmeyr***, p.146.

58 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 30 Jan. 1933, kol. 231.

trant gevra of opposisielede van die SAP met die vorming van Koalisieregering Suid-Afrika se status as 'n onafhanklike land met 'n eie nasionale vlag sou aanvaar.[59]

Die aanvanklike negatiewe reaksie uit NP-geledere jeens Smuts se koalisievoorstel is beslis aangevuur deur 'n onderlinge eenstemmigheid in hul leierskorps dat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie deur die SAP verhinder sou word.

Hierbenewens het Malan op 26 Januarie sy afkeer van koalisie uitgespreek.[60] Hoewel oortuig van sy standpunt, het Malan nie na die konstitusionele beginsels verwys waarin die NP grootliks van die SAP verskil het nie. Hy was egter baie skepties oor die haalbaarheid van koalisie.[61]

Ander stemme het ook uit Regeringsgeledere ter ondersteuning van Hertzog se anti-koalisiestandpunt opgegaan. C.W.M. du Toit, NP-LV vir Colesberg, was van mening dat Suid-Afrika se belange bo die van die Ryk gestel moes word. Aangesien Smuts en die NP daaroor verskil het, was koalisie volgens Du Toit onmoontlik.[62]

Dit was ook vir dr. H.D. van Broekhuizen, NP-LV vir Wonderboom, duidelik dat 'n koalisie tussen die NP en SAP nie gewens sou wees nie. Volgens hom kon diegene wat van Suid-Afrika 'n vrye en onafhanklike land wou maak, nie vir koalisie stem nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die SAP geensins belang gestel het in die vryheid waarvoor die NP jare lank geveg het nie.[63]

Met Du Toit en Van Broekhuizen se argumente teen koalisie het hulle die weg aangetoon waarop ander Nasionaliste sou volg wat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie voorgestaan het.

Pas nadat Hertzog skerp teen die koalisievoorstel van Smuts beswaar gemaak het, het hy homself bedink. Gevolglik het hy op 25 Januarie 1933 vir Havenga en Pirow gevra om Smuts te versoek om die moontlikheid van koalisie oop te hou.[64]

---

59 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 30 Jan. 1933, kol. 254.

60 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Jan. 1933, kol. 156-164.

61 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.259,267.

62 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jan. 1933, kol. 117.

63 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jan. 1933, kol. 174,175.

64 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.94; vgl. A. Paton, ***Hofmeyr***, pp.146,147.

Hierdie raaiselagtige optrede van Hertzog is iets wat nie net sy tydgenote verdwaas gelaat het nie, maar laat historici steeds delf om 'n antwoord te vind.

Op 1 Februarie 1933 het Parlementslede Smuts se mosie van 24 Januarie, dat die Regering moes bedank, verwerp. 'n Mosie van vertroue in die Regering is aanvaar.[65] 'n Week nadat die mosie van vertroue in Hertzog gestel is, het hy weer 'n dramatiese aankondiging gemaak.

Hertzog het op 7 Februarie 1933 die NP-koukus ingelig dat hy wel met Smuts wou saamwerk. Hy het sy vrees dat die Regering in die volgende verkiesing sou verloor, as die belangrikste rede voorgehou.[66] Malan het van Hertzog verskil en sy anti-koalisiestandpunt van vroeër herhaal. Malan was nie die enigste persoon in die Koukus wat Hertzog se optrede afgekeur het nie. J.J. Haywood, NP-LV vir Bloemfontein-Suid, N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, en Strydom was ook fel daarteen gekant.[67] Ministers A.P.J. Fourie (Mynwese) en E.G. Jansen (Naturellesake) was aanvanklik ook teen koalisie met die SAP gekant.[68]

Smuts het op 8 Februarie vir 'n persverklaring sy pro-koalisie standpunt verduidelik. Volgens hom was koalisie geregverdig en noodsaaklik aangesien Suid-Afrikaners siek en sat vir partytwiste was. Die land se ekonomiese probleme kon volgens hom net op 'n nasionale basis opgelos word.[69]

Intussen het Hertzog 'n sewepuntplan van samewerking met Smuts opgestel sonder om sy Kabinet vooraf te raadpleeg.[70] Twee aspekte van hierdie plan het oor konstitusionele sake gehandel.

---

65 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 2 Feb. 1933, kol. 360.

66 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, J.B.M. Hertzog-versameling, A 292: dagboek van Hertzog gehou tydens Rykskonferensie, 1926, asook notas met betrekking tot onderhoude met kollegas, 1928-1936; H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.99; vgl. J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948***, p.46.

67 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.102; vgl. Anon., "The Hertzog-Smuts alliance", ***The Round Table***, vol. 23, no. 91, Jun. 1933, p.691.

68 Anon., "The Hertzog-Smuts alliance", ..., p.691.

69 A.D. Turrell, ***The South African Party 1932-1934: the movement towards fusion*** (unp. M.A.-dissertation, UN, 1977), p.99.

70 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.105.

Die eerste aspek van die plan het dit uitgespel dat die regering op 'n basis van nasionale beginsels en in 'n gees van Suid-Afrikaanse nasionale selfstandigheid bedryf sou word. Dit sou in harmonie met die Unie se soewereine onafhanklike status geskied soos dit deur die Statuut van Westminster bekragtig is. In die tweede punt is bepaal dat die uniale basis van 'n verenigde Suid-Afrika soos in die Suid-Afrika Wet neergelê, onaangeraak sou bly. Dit het verder bepaal dat die gesag en mag van die Unie deur die Unie se eie nasionale vlag gesimboliseer word.[71]

Hoewel Hertzog nie sy Kabinet geraadpleeg het nie, het hy geweet dat eenstemmigheid oor die hele aangeleentheid nie maklik verkry sou kon word nie. Hy het dus baie versigtig met die opstel van die sewepuntplan te werk gegaan, aangesien mense met wyd uiteenlopende menings binne een kraal geakkommodeer moes word.

Suid-Afrika se onafhanklike status is wel deeglik deur bovermelde punte erken en verskans. Selfs Malan en sy geesgenote wat koalisie verwerp het, kon teen die voorwaardes van Hertzog vir koalisie geen beswaar vind nie. Dit het die kern van die NP se beginsels vervat.[72]

Hertzog het sy ontwerp vir 'n koalisie met Smuts só omskryf dat dit politici van beide die SAP en die NP tevrede sou stel. Malan was, hoewel voorlopig gelukkig, tog bekommerd dat Smuts, as Adjunk Eerste Minister, 'n groot inspraak in die aanknoop van betrekkinge met Brittanje sou verkry.

In hierdie opsig kan gevra word of Hertzog daarin geslaag het om met sy plan die NP se konstitusionele beginsels doeltreffend te verskans. Het hy die NP se beginselstandpunte rakende Suid-Afrika se verhouding met Brittanje totaal ontduik of het hy die SAP se beleid ten opsigte van die Britse konneksie begin aanvaar en selfs begin nastreef? Hierdie aspekte word vervolgens toegelig.

Dit is interessant dat die reaksie van die SAP- en die NP-koukusse oor die vroeë koalisieberigte teen Februarie 1933 uiteenlopend van aard was. Terwyl die NP-

---

71 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.271,272.

72 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.105.

koukus erg verdeeld was, het die SAP sonder teenstem besluit om Hertzog se koalisie-ontwerp en die ooreenkoms te aanvaar.[73]

Die besluit van die SAP-koukus kan op tweërlei wyse verklaar word. Daar was in die voorgestelde punte van ooreenkoms hoegenaamd niks wat vir hulle verdag voorgekom het nie. Inteendeel, ***Die Burger*** was van mening dat die voorstelle in SAP-kringe as 'n oorwinning vir Smuts gereken kon word.[74] Nog 'n rede vir die verenigde optrede van die SAP-koukus was die vertrouensposisie wat Smuts in hulle geledere geniet het.[75]

In die geledere van die NP-koukus het egter 'n ander stemming geheers. Hertzog se posisie as leier was glad nie meer so stewig soos in die laat twintigerjare nie.[76]

Sy hantering van die goudstandaardkwessie aan die begin van die dertigerjare het hom aan kritiek uit verskeie oorde, selfs binne eie geledere, blootgestel. Mense het begin wonder oor Hertzog se toepassing van sy slagspreuk **Suid-Afrika Eerste**. Sommiges het die indruk gekry dat hy op 'n bedekte wyse partybelange en eie belang bo nasionale en volksbelang gestel het. Hertzog se hantering van Smuts se koalisie-aanbod het sy beeld verder geskaad. Sy aanvanklike weiering en latere instemming het huiwerig voorgekom. Daarbenewens het sy weiering om te bedank nadat hy herhaaldelik die NP se bestaansreg aan die handhawing van die goudstandaard gekoppel het, daartoe bygedra dat sy geloofwaardigheid skerp afgeneem het. Die ernstige meningsverskille tussen Nasionaliste oor die wenslikheid van 'n samewerkingsooreenkoms met die SAP het ook sake gekompliseer.

Desondanks hierdie verskille het Hertzog en Smuts op 23 Februarie 1933 hul koalisie-ooreenkoms afgerond en dit die volgende dag aan die pers bekend gemaak. Hulle het 'n gesamentlike verklaring uitgereik wat soos volg gelui het: "Ten einde vrede en samewerking tussen die rasse te verseker, en met die oog op die nasionale bedreiging wat ontstaan is ten gevolge van die wêrelddepressie, is deur die twee leiers van die Nasionale Party en van die S.A. Party onderskeidelik besluit om te ko-

---

73 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., pp.49,50; vgl. Anon., "The Hertzog-Smuts alliance", ..., p.691.

74 ***Die Burger***, 25 Feb. 1933: hoofartikel.

75 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.106.

76 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., pp.47,50.

opereer tot die samestelling van 'n Regering waarby dit moontlik sal wees om saam te werk op 'n grondslag van min of meer gelyke deelneming en op die grondslag van voorafvasgestelde beginsels, sodat terwyl die identiteit van hul onderskeidelike partye behou sal bly, 'n hartlike samewerk sal kan plaasvind tussen die lede van die Regering in ooreenstemming met 'n vasgelegde rigsnoer van nasionale beleid." Daar is duidelik verklaar dat die samewerkingsooreenkoms geen afbreuk sou doen aan die verhouding van die Unie tot die Britse Gemeenskap van Nasies nie.[77]

Die waarborg vir die verhouding was vir Smuts geleë in die de facto getalleoorwig wat die SAP in die parlementêre ondersteuning van die Regering geniet het.[78]

Op die volgende dag, 24 Februarie, het Malan 'n manifes uitgereik waarin hy hom onder protes by koalisie neergelê het. Vroeg in Maart het hy sy verklaring toegelig. Daaruit het geblyk dat Malan koalisie sou aanvaar op voorwaarde dat die beginsels van die NP behoue bly. Op 15 Maart, tydens die NP-kongres van Kaapland in De Aar, het hierdie standpunt van Malan weer sterk na vore getree. Die kongresgangers het besluit dat samewerking tussen Hertzog en Smuts slegs ondersteun sou word indien die Koalisieregering die NP-beginsels sou handhaaf en beskerm.[79]

Die feit dat Malan en sy volgelinge in Kaapland van meet af voorgeloop het met Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie, het tydens die De Aar-kongres duidelik geblyk. Dat hulle sou staan en val by die beginsels waarop Suid-Afrika se soewereine status volgens hulle geskoei was, het met verloop van tyd al sterker na vore getree.

Die Koalisiekabinet sou uit 12 lede bestaan, ses lede uit elke party. Die SAP-koukus het die ooreenkoms eenparig aanvaar en goedgekeur. Dit het Smuts in 'n sterk posisie teenoor Hertzog geplaas, aangesien die NP-koukus verdeeld was oor samewerking tussen Hertzog en Smuts. Twee en sewentig verteenwoordigers uit albei huise het die NP-koukusvergadering bygewoon. Lede moes besluit of hulle Karel Rood, NP-LV van Vereeniging, se voorstel of dié van N.J. van der Merwe steun. Rood se voorstel het koalisie onvoorwaardelik gesteun, terwyl Van der

77 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.279.

78 A.D. Turrell, ***The South African Party 1932-1934*** ..., p.111.

79 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.282,286,306.

Merwe voorgestel het dat koalisiestappe voorlopig goedgekeur moes word, dog finale besluite eers deur die kongresse van die NP geneem moes word.

Van der Merwe se voorstel is met 34 - 28 verslaan, terwyl 10 lede buite stemming gebly het. Rood se voorstel is met 41 stemme aangeneem. Koalisie was dus 'n werklikheid. 'n Lang gekoesterde ideaal, veral vir Rood, het in vervulling gegaan.[80]

## 3.4 DIE PERSREAKSIE OP KOALISIEVORMING

Volgens ***The Natal Witness*** was daar niks in die koalisie-ooreenkoms wat Malan en sy volgelinge hoef af te skrik nie. Trouens, die blad het gemeen Malan het geensins grond gehad om enige argumente teen koalisie te stel nie. Die Redakteur het hom só daaroor uitgelaat: "... republicanism is old fashioned, neutrality in war is again a shibboleth of the politically obsolescent ... these are the debates of ghosts".[81] Hieruit spreek 'n doelbewuste poging om konstitusionele strydpunte te begrawe. Die hoofmotief daaragter was 'n sluimerende vrees dat daar verder aan Suid-Afrika se Britse konneksie getorring sou word.

***The Star*** was ten gunste van 'n onvoorwaardelike koalisie-ooreenkoms en het gevolglik kritiek teen die feit uitgespreek dat Hertzog op sekere voorwaardes 'n koalisie wou aangaan. Die blad het Hertzog se aandrang op die behoud van Suid-Afrika se konstitusionele status as swak tydsberekening beskou.[82] Afgesien van hierdie kritiek het die blad egter 'n samewerkingsooreenkoms tussen Hertzog en Smuts in beginsel sterk gesteun. Die Redakteur was van mening dat die gesamentlike verklaring van Hertzog en Smuts as die belangrikste politieke gebeurtenis in Suid-Afrika in die afgelope twee dekades beskou kon word.[83]

Hierteenoor was ***Die Burger*** van meet af aan teen koalisie gekant en het nooit enige geheim daarvan gemaak nie.[84] Die dagblad het tydens Januarie en Februarie 1933 in talle hoofartikels en spotprente koalisie skerp veroordeel.[85] Daarbenewens het

80 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.280,281.

81 ***The Natal Witness***, 7 Oct. 1933: editorial.

82 ***The Star***, 17 Feb. 1933: editorial.

83 ***The Star***, 17 Feb. 1933: editorial.

84 A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek*** ..., pp.61,72,81,84.

85 C.F.J. Muller, ***Sonop in die suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers***, p.413.

die blad vanaf 3 Januarie tot 16 Maart 355 briewe van lesers oor koalisie geplaas waarvan 310 teen koalisie gekant was.[86] Gevolglik het dr. A.L. Geyer, die Redakteur, met sy sterk standpuntinname teen koalisie sy blad op die voorpunt van die stryd teen Hertzog se koalisieplanne met Smuts geplaas.[87]

Die krag en momentum van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie in die dertigerjare kan in 'n baie groot mate teruggevoer word na die beslistheid waarmee ***Die Burger*** koalisie beveg het. Die blad het ewe-eens 'n besondere rol vervul in die weerstand wat Malan teenoor koalisievorming gebied het.

Dr. A.J.R. van Rhyn, Redakteur van ***Die Volksblad***, se kritiek teen koalisie was versigtiger as dié van Geyer. Van Rhyn moes deeglik rekening hou met die feit dat die Vrystaat, waarin hy sy koerant moes bemark, lank reeds Hertzog se vesting was. Hertzog se politieke standpunte het boonop ***Die Volksblad*** vir jare oorheers.[88]

Op 20 Februarie 1933 is 'n spesiale direksievergadering van die Nasionale Pers in Kaapstad gehou. Op die vergadering, wat Geyer en Van Rhyn op uitnodiging bygewoon het, is eenparig besluit dat ***Die Burger*** en ***Die Volksblad*** nie koalisie sou steun nie. Aan die Redakteurs is opgedra om nasionale beginsels te handhaaf, taktvol op te tree en persoonlike aanvalle te vermy. Na die vergadering het Hertzog heftig gereageer: "Ek sal vir daardie Keeromstraatse kliek wys. Ek sal ***Die Burger*** doodmaak en ek sal ***Die Volksblad*** doodmaak."[89] Só het 'n felle stryd tussen Hertzog en die twee koerante ontbrand. Geyer sou nog protesteer, terwyl Van Rhyn en ***Die Volksblad*** koalisie skoorvoetend aanvaar het.[90]

Oor die Sewepunt-koalisieplan van Hertzog het ***Die Burger*** en ***Die Volksblad*** hulle nie onbetuigd gelaat nie. ***Die Burger*** was van mening dat die sewe punte wat Hertzog as voorwaarde vir samesmelting met die SAP gestel het, Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sou strem.[91]

---

86 A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek*** ..., p.43.

87 A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek*** ..., p.71.

88 C.F.J. Muller, ***Sonop in die suide*** ..., p.415.

89 C.F.J. Muller, ***Sonop in die suide*** ..., p.415.

90 C.F.J. Muller, ***Sonop in die suide*** ..., p.415; vgl. A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek*** ..., pp.71,72.

91 ***Die Burger***, 14 Des. 1933: hoofartikel.

*Die Volksblad* was van mening dat die sewe koalisiepunte 'n groot oorwinning vir die NP kon wees, indien Smuts dit sou aanvaar in die gees waarin dié party dit vertolk het. Die Redakteur het hierdie saak reg vertolk met sy mening dat die beleidsverskille tussen die NP en die SAP nie soseer oor die teoretiese grondslag van hierdie beginsels gehandel het nie, maar oor die wyse waarop dit in die praktyk uitgevoer moes word.[92] 'n Week later het *Die Volksblad* in dieselfde gees as sy Kaapse eweknie gerapporteer dat dié blad nog altyd die idee van koalisie teëgestaan het.[93]

*Die Volksblad* en *Die Volkstem* se vertolkings van nasionalisme het besondere betekenis vir Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gehad. *Die Volksblad* het gemeen dat Malan se vertolking van nasionale beginsels, wat die verbreking van die Britse konneksie geïmpliseer het, korrek was. Die blad het egter geglo dat Hertzog en Smuts se beskouing van nasionale beginsels vir die voorstanders van koalisie meer aanvaarbaar sou wees.[94] *Die Volkstem*, wat die gedagte van koalisie ondersteun het, het Hertzog en Smuts se siening van nasionale beginsels weerspieël. Die blad het daarop gewys dat die beginsels op die versoening tussen Afrikaans- en Engelssprekendes geskoei was.[95]

Enersyds het Malan, met sy vertolking van nasionale beginsels, Nasionaliste se strewe na die ontvoogding van die Britse konneksie weergegee. Andersyds het Hertzog en Smuts met hul propagering van breë Suid-Afrikaanse nasionalisme die behoud van die Britse konneksie bepleit.

*The Natal Mercury* het vir beide Hertzog en Smuts 'n wenk gehad oor hoe om koalisie te benader. Volgens die blad moes Hertzog vir Malan "and the little Afrikaners" aandurf. Daarbenewens moes Smuts versigtig wees en eers seker maak dat die "koalisie-kool" die sous werd was. Die moontlikheid dat die Republikeinse reaksie tot die wegbreek van die sterkste nasionale faksie kon lei, kon maklik die voordele wat koalisie onder Hertzog en Smuts ingehou het, oorskadu.

---

92 *Die Volksblad*, 15 Feb. 1933: hoofartikel.

93 *Die Volksblad*, 21 Feb. 1933: hoofartikel.

94 *Die Volksblad*, 25 Feb. 1933: hoofartikel.

95 *Die Volkstem*, 20 Feb. 1933: hoofartikel.

*The Natal Mercury* het tot dié gevolgtrekking gekom omdat die redaksie van mening was dat Hertzog en Smuts se persoonlike aanhang sterk afgeneem het.[96]

Gedurende die volgende maand sou die kwessie van koalisie deur die provinsiale kongresse van die NP bespreek word. Ten tyde van die Kaaplandse kongres het Hertzog kongresgangers aanvanklik voor 'n netelige kwessie geplaas. Hertzog het geëis dat daar vir of teen hom gekies moes word. Uiteindelik het die kongres 'n kompromievoorstel aanvaar. In dié voorstel is vertroue in beide Hertzog en Malan as leiers van die NP uitgespreek. Die kongres het nie koalisie as sodanig goedgekeur nie, maar tog besluit om hom by die ooreenkoms tussen Hertzog en Smuts neer te lê, op voorwaarde dat die NP-beginsels gehandhaaf moes word.[97]

Dit is dus opvallend dat Hertzog op die kongres duidelik en bewustelik beginselsake omseil het, terwyl Malan en lede van die Kaaplandse NP juis daarna gestreef het om die beginsels van die NP te laat geld.

Die kongres van die Transvaalse NP het koalisie eenparig gesteun, terwyl daar in Natal en die Vrystaat groot verdeeldheid onder kongreslede oor die wenslikheid van koalisie geheers het.[98]

## 3.5 DIE SAMESMELTING

Die verdere ontplooiing van koalisievorming het ewe-eens politieke implikasies vir die betrokke partye ingehou, wat in wese om die vertolking van konstitusionele sake gewentel het.

### *3.5.1 AANLOOP TOT SAMESMELTING*

In die algemene verkiesing van Mei 1933 het die NP en die SAP saamgewerk en 'n groot oorwinning by die stembus behaal.[99] Na die algemene verkiesing het daar oral in die land klanke ten gunste van samesmelting van die NP en die SAP

96 *The Natal Mercury*, 18 Feb. 1933: editorial.

97 INEG, Bloemfontein, Nasionale Party van die Kaapprovinsie, PV 27, lêer 1/3/2/2/1/1: notule van die hoofbestuur, 15 Mrt. 1933; vgl. H.B. Thom, ***D.F. Malan en koalisie***, pp.121-132; J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.305,306.

98 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.309,310.

99 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*** ..., pp.182,183.

opgegaan. Gerugte is al op 22 Mei versprei dat Smuts, Hertzog, Duncan, Pirow en Havenga samesmelting gesteun het.[100]

In Transvaal en die Vrystaat het daar aansienlik meer geesdrif as in Kaapland en Natal oor die kwessie van samesmelting geheers. In laasgenoemde provinsie was 'n groot aantal Engelssprekendes wat die NP se leiers nie vertrou het nie, terwyl Nasionaliste in Kaapland in 'n groot mate hul leier, Malan, teen samesmelting gesteun het.[101] Terwyl daar in Natal 'n groeiende wantroue in Smuts en sy vermoë tot die behoud van Suid-Afrika se Britse konneksie geheers het, het Nasionaliste in Kaapland gevrees dat Hertzog sy ou nasionale beginsels op die altaar van die Britse Gemenebes geplaas het.

Malan was van mening dat Hertzog en diegene wat ten gunste van samesmelting was, weggehardloop het van die beginsels wat die NP na aan die hart lê. Die beginsels waarna Malan verwys het, was Suid-Afrika se reg op sesessie en neutraliteit.[102]

Hierdie koalisiebeweging en pogings om die twee groot politieke partye, naamlik die NP en die SAP, tot een magtige party te laat saamsmelt, het grootliks daartoe bygedra dat nuwe politieke denkrigtings in die Suid-Afrikaanse politiek in die loop van 1933 en 1934 waarneembaar geword het. Eerstens het Hertzog en Smuts partypolitieke beginsels op die agtergrond geplaas en na versoening van Ryksgesindheid en nasionalisme gestreef. Hierdeur wou hulle dit in die raamwerk van Hertzog se eertydse spreuk van **Suid-Afrika Eerste** inpas. Tweedens het Malan en sy ondersteuners bewustelik na die volle praktiese implementering van nasionale beginsels gesoek. Soos hulle dit vertolk het, het dit op sesessie van die Britse Gemenebes neergekom. 'n Derde duidelik onderskeibare politieke denkrigting wat veral in Natal en die Oos-Kaap gesonde groeiklimaat gevind het, was die bewuste strewe na die behoud van alle bestaande konstitusionele bande tussen Brittanje en Suid-Afrika.

Generaal Hertzog het tydens die Transvaalse NP-kongres op 9 Augustus 1933 gesê dat die NP sy ideaal van soewereine onafhanklikheid verwesenlik het. Die party het

---

100 A.D. Turrell, ***The South African Party 1932-1934*** ..., p.124.

101 A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek*** ..., pp.119-123.

102 ***Die Burger***, 13 Des. 1933: berig.

volgens hom dus geen rede meer tot stryd gehad nie en kon met groot vrymoedigheid met die SAP saamwerk.[103]

Op 5 September 1933 het Hertzog nog verder gegaan toe hy op Bethlehem samesmelting gepropageer het. Hy het die mening uitgespreek dat die NP moes ontbind. Dié party het al sy doelwitte bereik en het daarom, volgens Hertzog, nie meer 'n bestaansreg gehad nie.[104]

Dié standpunt van Hertzog het sy vorige Ryksgesinde uitsprake bewaarheid.[105] Op 21 November 1933, het Hertzog op Vrede herhaal dat die NP geen toekoms het nie. Hertzog het sy toespraak in Bethlehem in 'n ander lig gestel toe hy verklaar het dat beide die NP en die SAP 'n toekoms sou hê indien hulle sou besluit om te verenig.[106]

Hierdie ontkenning deur Hertzog van enige verdere bestaansreg van die NP was 'n poging om sy nasionale opponente onder groot druk te plaas. Hertzog het geglo dat só 'n uitspraak aangaande die NP 'n doeltreffende teenvoeter teen enige poging tot sesessie sou wees. Dit was dus duidelik dat Malan en sy volgelinge met hul strewe dat Suid-Afrika sy Britse konneksie moes verbreek, vierkantig met Hertzog sou bots. Heelwat Nasionaliste was oortuig dat daar nog heelparty beginsels was wat die bestaansreg van die NP geregverdig het. Vir diegene wat hulle onder leiding van Malan teen samesmelting verset het, was die konstitusionele stryd nog lank nie verby nie.

Malan en sy volgelinge het die vrees gekoester dat hulle met amalgamasie van "onassimileerbare elemente" aan die genade van imperialistiese oud-Unioniste uitgelewer sou wees. Daarbenewens het mev. Mabel Jansen, een van die twee onderleiers van die NP in Natal, gemeen dat samesmelting noodwendig die prysgawe van die NP en die verswelging van die Afrikanerelement inhou. Sy het

---

103 *Die Vaderland*, 12 Aug. 1933: berig.

104 *Rand Daily Mail*, 6 Sep. 1933: report.

105 *Die Burger*, 13 Des. 1926: berig; vgl. *Rand Daily Mail*, 23 Apr. 1929: report; vgl. M.J. Grimbeeck, *Politieke verhoudinge tussen generaals J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts gedurende die tydperk 1933-1939* (ongep. M.A.-verhandeling, UOVS, 1978), p.201.

106 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, deel 3 ..., p.458.

ook die mening uitgespreek dat een party nie twee teenstrydige sienings kon hê nie.[107]

Malan het as voorwaarde vir die vereniging van die NP met die SAP geëis dat die ondersteuners van so 'n verenigde party die reg om 'n Republiek te propageer, die reg op afskeiding van die Britse Gemenebes en die reg om gedurende oorlogstyd neutraal te kon bly, moes behou.[108]

Malan se voorwaarde was vir Smuts politieke twisapples. Smuts wou die Unioniste, met hul sterk voorkeur aan 'n hegte Britse konneksie, binne die beoogde nuwe party akkommodeer.[109]

In die loop van 1933 het provinsiale kongresse van die NP én die SAP oor die wenslikheid van samesmelting besin. Tydens hierdie kongresse was dit duidelik dat die verskil oor konstitusionele vraagstukke aan die wortel van partyverdeling gelê het.

Uit hierdie meningsverskil het dit geblyk dat die onafhanklikheidskwessie van Suid-Afrika die spil was waarom politieke partye met mekaar geredeneer het. Onafhanklikheid op papier en die erkenning en uitlewing daarvan in die praktyk, was twee kante van dieselfde saak. Terwyl Hertzog en voorstanders van samesmelting tevrede was dat Suid-Afrika se onafhanklike status op skrif gestel was, het Malan en teenstanders van samesmelting dit slegs as 'n vertrekpunt beskou om die Britse konneksie te verbreek.

Beide die Transvaalse en Natalse NP-kongresse het op 22 Augustus 1933 samesmelting in beginsel goedgekeur.[110] Hierteenoor het Nasionaliste in Kaapland tydens hul kongres op 4 Oktober 1933 hul stem teen samesmelting uitgebring.[111] Hierdie opvatting van die kongres dat samesmelting ongewens was, is ook vroeër deur F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg, vertolk. Hy het op 25 Augustus 1933

107 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.396,399.

108 SAB, Pretoria, J.B.M. Hertzog-versameling, A 292: dagboek van Hertzog gehou tydens Rykskonferensie, 1926, asook notas met betrekking tot onderhoude met kollegas, 1928-1936.

109 A.D. Turrell, ***The South African Party 1932-1934*** ..., p.144.

110 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party, PV 54, lêer 4: uittreksels uit provinsiale kongresnotules insake samesmelting, 15 Aug. 1933, 22 Aug. 1933.

111 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party, PV 54, lêer 4: uittreksels uit provinsiale kongresnotules insake samesmelting, 6 Okt. 1933.

daarop gewys dat daar geen manier bestaan het waarop samesmelting moontlik was nie, aangesien die NP en die SAP oor 'n wye front verskil het. Hy het onder andere 'n aantal konstitusionele sake by die naam genoem: Suid-Afrika se verhouding met Brittanje; die kwessie van 'n Suid-Afrikaanse Goewerneur-generaal; appèl na die Britse Geheime Raad; Britse onderdaanskap; die reg tot Republikeinse propaganda en Suid-Afrika se reg op neutraliteit indien Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak.[112]

Die Vrystaatse NP-kongres wat op 11 Oktober 1933 plaasgevind het, het samesmelting in beginsel aangeneem.[113] Vroeg in Desember 1933 het 'n paar sterk teenstanders teen samesmelting, te wete A.J. Werth, Redakteur van ***Die Volksblad***, C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, J.J. Haywood èn J.J. Serfontein, voormalige LV, hul standpunt verduidelik. Hulle kon samesmelting nie steun nie, aangesien SAP-ondersteuners wat die NP se konstitusionele regte en hul strewe tot ontvoogding van die Britse konneksie beveg het, nog geensins daarvan afgesien het nie.[114] Soos verwag kon word het die Federale Raad van die NP ook samesmelting met 13 teenoor sewe stemme aanvaar.[115]

Aangesien Hertzog sy leierskap onlosmaaklik aan samesmelting verbind het en dit so aan die kongresse van die NP oorgedra het, het hy Kaapland se verwerping van samesmelting ook as 'n verwerping van sy leierskap aldaar ervaar. Malan en ander anti-Smelters was vasberade om die beginsels van die NP te behou en ewe-eens 'n skeuring in die party te vermy.

Hierteenoor het die kongresse van die SAP samesmelting in beginsel aanvaar. Smuts het besonder vernuftig opgetree om op die Natalse kongres op 15 November groot steun vir samesmelting te verkry. In teenstelling met Hertzog het Smuts geensins die kwessie van samesmelting aan sy leierskap gekoppel nie. Smuts het die sterk pro-Britse sentiment in Natal maar alte goed geken. Hy het sy Natalse ondersteuners só gerusgestel: "We are not going to surrender the great things for

---

112 ***Die Burger***, 25 Aug. 1933: berig.

113 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.437.

114 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.257: C.R. Swart, Nasionalisme in die krisis, 12 Des. 1933.

115 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party, PV 54, lêer 2, Notuleboek en bylaes, 13 Okt. 1933 - 7 Jun. 1945: jaarverslag, 1933; J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.440.

which we have stood. We have stood for the great group of nations, to which we belong and we are not going to change."[116]

Smuts het geensins geskroom om sy gevoel ten gunste van die Britse konneksie te verklaar nie.

Hy het 'n skema van beginsels vir 'n verenigde party opgestel wat die sentiment vir die behoud van die Britse konneksie kon laat gedy. Die skema het bepaal dat Suid-Afrika as 'n selfstandige nasie bo ander nasies voorrang moes geniet, dat die Grondwet van Suid-Afrika behoue sou bly en Suid-Afrika se lidmaatskap van die Britse Gemenebes van Nasies voortgesit moes word.[117]

Waarom was die SAP eenparig ten gunste van samesmelting, terwyl die NP onderling daaroor verdeeld was?

Smuts het beslis daarin geslaag om sy volgelinge te oortuig dat samesmelting nie Suid-Afrika se Britse konneksie in gevaar sou stel nie. Hertzog, daarenteen, kon nie vir Malan en die Nasionaliste in die Kaapprovinsie oorreed om hul konstitusionele beginsels op die agtergrond te skuif nie.

### *3.5.2 DIE PERSREAKSIE OP DIE SAMESMELTINGSKWESSIE*

Die bogenoemde verklarings word deur die persreaksie op die vraagstuk oor samesmelting ondersteun.

***The Natal Witness*** het erken dat Engelssprekende inwoners van Natal vroeër die Britse sentiment só gekoester het dat hulle 'n hoogmoedige houding ten opsigte van Suid-Afrika se Britse konneksie ontwikkel het. Volgens die blad het die SAP-kongres in Natal se eenparige stem ten gunste van samesmelting aangetoon dat Natal sy eertydse pro-Britse sentiment afgesterf het. Die kongres se positiewe houding teenoor samesmelting het vir die blad daarop gedui dat Suid-Afrikaners samesmelting binne Smuts se groter holistiese opvatting aanvaar het.[118]

---

116 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.453; vgl. ***The Natal Mercury***, 16 Nov. 1933: report.

117 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.453.

118 ***The Natal Witness***, 15 Nov. 1933: editorial.

Die ***Rand Daily Mail*** het lof aan die Natallers toegeswaai omdat hulle hierdie bogenoemde breë visie aanvaar het en samesmelting gesteun het. Die blad het ook duidelik sy simpatie met Engelssprekende Natallers laat blyk, aangesien hulle 'n tradisie van 'n homogene verenigde party ter wille van samesmelting moes opoffer.[119] ***The Star*** het ewe-eens sy tevredenheid met Natal se houding weerspieël.[120] Smuts het duidelik daarin geslaag om vrese in Engelssprekende geledere dat samesmelting Suid-Afrika se Britse konneksie in gevaar kon bring, tydelik te besweer. Dit wou voorkom of hulle aanvaar het dat die behoud van die Britse konneksie in Suid-Afrika veilig in die hande van 'n sterk gematigde party sou wees.

***Die Burger*** het die feit erken dat Suid-Afrika lid van die Britse Gemenebes van Nasies was. Dit was egter vir die dagblad se redaksie 'n valse illusie dat alle Suid-Afrikaners voortgesette lidmaatskap begeer het. Volgens die blad is die behoud van die Britse konneksie nog nooit deur die NP as beginsel aanvaar nie. Die Redakteur het beweer dat Hertzog nog altyd die Program van Beginsels van die NP so ontwerp het dat Republikeinsgesindes hulself ook daarin kon tuisvoel.[121]

Hertzog het in sy toespraak op 18 November in Frankfort daarop gewys dat die SAP kort na 1930 die beginsel van **Suid-Afrika Eerste** onderskryf het en die Unie se soewereine onafhanklikheid aanvaar het. Hierdeur het die SAP, volgens Hertzog, op presies dieselfde grond as die NP gestaan. Volgens hom was die Republikeinse ideaal nie uitvoerbaar nie.[122]

***The Cape Argus*** het skerp van ***Die Burger*** oor die aanvaarbaarheid van die Republikeinse beginsel deur die aanhangers van die samesmeltingsgedagte verskil. Eersgenoemde was van mening dat ***Die Burger*** onder 'n valse indruk verkeer het as hy gedink het dat die kongresse van Transvaal, Vrystaat en Natal eers koalisie en daarna samesmelting aanvaar het in die veronderstelling dat Republikeinse propaganda daarmee versoenbaar was.[123]

---

119 ***Rand Daily Mail***, 17 Nov. 1933: editorial.

120 ***The Star***, 16 Nov. 1933: editorial.

121 ***Die Burger***, 16 Nov. 1933: hoofartikel.

122 ***Die Burger***, 20 Nov. 1933: berig; vgl. P.W. Coetzer, ***Koalisie en samesmelting 1933-1934: 'n histories-kritiese studie*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1981), p.531.

123 ***The Cape Argus***, 16 Nov. 1933: editorial.

### 3.5.3 WEERSTAND TEEN SAMESMELTING

Vroeg in Oktober 1933 het Van der Merwe verdere lig op die samesmeltingkwessie gewerp. Hy het na die siening van Nasionaliste wat samesmelting teengestaan het teenoor diegene wat daarin geglo het, verwys. Nasionalisme, soos die NP daarin geglo het, het volgens hom vryheid in die volste sin van die woord beteken en het lynreg teenoor Ryksgesindheid gestaan. Hierdie vertolking van nasionalisme openbaar 'n gees wat aan die Afrikaner gesê het om nie met die vere van die Britse Ryk te pronk nie. Dit het nadruk op die soewereine volksreg gelê om die vorm van volksregering te kies wat die volk verkies het. Dit was volgens Van der Merwe die begeerte om van die Britse Ryk af te skei indien nodig en om tydens 'n oorlog neutraal te kon staan. Hierdie houding het radikaal verskil van die toenaderingsgees wat Hertzog voorgestaan het.[124]

Terselfdertyd het Nasionaliste in Transvaal met J.G. Strijdom aan die spits die veldtog teen samesmelting gevoer. Strijdom was 'n jong en fier leier wat sterk in die behoud van die NP en sy beginsels geglo het. Hy sou geen gras onder sy voete laat groei om die Smeltergesindes met alles in sy vermoë te beveg nie. Op 11 November 1933 het Transvalers wat teen samesmelting gekant was, in Johannesburg byeengekom en 'n Waaksaamheidskomitee gestig. Die taak van die komitee, waarvan Strijdom lid was, was om 'n manifes op te stel waarin hul houding teenoor samesmelting uiteengesit moes word.[125]

Strijdom se optrede en die stigting van die Waaksaamheidskomitee het aangetoon dat daar ondanks wye steun vir samesmelting tog ook berekenbare steun vir Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie was.

Die inhoud van die manifes het, soos die verklaring van Van der Merwe, insgelyks die hernieude stryd tussen nasionalisme en Ryksgesindheid beskryf. Dit het verder die groei van die NP toegeskryf aan die feit dat die party hom in belang van die Afrikaner beywer het. Dit het absolute onafhanklikheid, vry van die Britse Ryk, nagestreef. Die Waaksaamheidskomitee het die strewe na die verbreking van die Britse konneksie as eie aan die NP beskou. Deur die propagering van sesessie van die Britse Ryk sou Afrikanerbelange volgens die groep bevorder word. Die

---

124 ***Die Volksblad***, 9 Okt. 1933: berig.

125 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., pp.67-70; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.456.

verwagtinge was dat die vertolking die NP sou laat gedy. Die manifes het onder meer daarop gesinspeel dat Hertzog tot Ryksgesindheid bekeer is. Vir die anti-Smelters het hy dieselfde standpunte as Smuts ten opsigte van kontensieuse sake soos 'n Republiek, 'n Afrikaner as Goewerneur-generaal en die afskaffing van die appèl na die Geheime Raad ingeneem.[126]

In die manifes is ook redes aangevoer waarom samesmelting onwenslik was. Die SAP en sy leiers was daarvolgens Ryksgesind en daarom nie met nasionalisme te versoen nie. Die opstellers van die manifes kon nie sien hoe die ideale van die Afrikanervolk in só 'n party, waarin Ryksgesindheid so 'n belangrike rol sou speel, verwesenlik kon word nie. Hulle het geglo dat die Afrikanervolk slegs as 'n vrye, onafhanklike volk wat van die Britse Ryk afgeskei is, kon gedy.[127]

Hierdie anti-Smeltergevoel het ook in Natal voorgekom. 'n Sekere Bernard Green was oortuig dat samesmelting die beleid van die NP verswak en die Ryksgesinde beleid van die SAP grootliks versterk het.[128]

Bogenoemde opvatting is inderdaad deur 'n aanhanger van die Ryksgesinde denkrigting bevestig. B.B. Curtis, die Redakteur van die ***Daily Dispatch***, 'n streekkoerant in die Oos-Kaap, het teenoor Patrick Duncan, SAP-LV vir Yeoville, bely: "If fusion is to come about, the Nats must declare, unequivocally, that they accept the Imperial connection."[129] In hierdie stadium was dit reeds duidelik dat Strijdom en Eric Louw, Suid-Afrika se gevolmagtigde minister in Washington, wat voorstanders vir die behoud van die bestaande NP was, juis die Britse konneksie wou verbreek. Hulle het hard agter die skerms gewerk om hul visie te realiseer. Louw getuig teenoor sy vriend Malan dat die enigste hoop in die toekoms in die stigting van 'n Republikeinse Party en uiteindelik in 'n Republikeinse regeringsvorm geleë was. Hy gee egter toe dat Suid-Afrika deur die Statuut van Westminster ver op die pad na onafhanklikheid gevorder het. Tog is dit vir Louw duidelik dat die land se soewereine onafhanklikheid grotendeels op papier bestaan het en in daardie stadium nie in die praktyk toegepas is nie. Die gevolg hiervan was dat hy op

126 INEG, Bloemfontein, M.M. Jansen-versameling, PV 157, lêer 8/1/1, Grondwetlike stukke: verklaring van die Waaksaamheidskomitee van Transvaal, 1931-1951.

127 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., pp.69,70.

128 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.453.

129 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A5.15.6: letter from L. Curtis to P. Duncan, 22 Aug. 1933.

diplomatieke vlak moes veg vir die praktiese toepassing van Suid-Afrika se onafhanklike status.[130]

Vir Louw was die vorming van koalisie tussen Hertzog en Smuts 'n tragiese gebeurtenis wat aan die invloed van Londen, Downingstraat en Government House in Pretoria toegeskryf kon word.[131] Die bywoning van imperiale konferensies in Londen en Ottowa het dus volgens hom noodlottige gevolge gehad.[132] Malan het ook dié standpunt gehuldig. Hy het op 23 Desember 1933 in sy gereelde bydrae in ***Die Wagtoring*** daaroor uitgewy. Hy het gesê dat die ou Unioniste en later die SAP onder die aanmoediging van Brittanje en Rykskonferensies daarop uit was om deur nuwe politieke kombinasies hul getalsterkte te behou. Die doel daarvan was om die Britse konneksie te behou en om Suid-Afrika se opkomende nasionalisme te breek.[133]

In dieselfde gees het Strijdom aan sy geesgenoot C.R. Swart só geskryf: "Hertzog het eenvoudig die wit vlag opgesteek - hulle aan Smuts oorgegeeë om die eenvoudige rede dat hulle almal stadig aan vanaf 1926 Ryksgesind geword het, uit al sy doen en late is duidelik dat Hertzog 'n Imperialis geword het - en om daardie rede alleen het dit vir hom onmoontlik geword om op die ou grondslag teen Smuts te veg."[134]

Volgens Strijdom was koalisie en samesmelting 'n tragedie en 'n uitgemaakte saak dat die nuwe party se Program van Beginsels Ryksgesinde denkrigtings sou bevat. Strijdom wou reeds in daardie stadium die anti-Smelters aanspoor om nie Hertzog se opsie uit te oefen nie. Vir hom was dit baie duidelik dat nasionalisme en Ryksgesindheid geensins met mekaar versoenbaar is nie en dat nasionalisme slegs buite die Ryk kon voortbestaan. Strijdom het daarom verklaar dat die NP na 'n

---

130 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/1022: brief van E. Louw aan D.F. Malan, 2 Aug. 1933.

131 P.F. van der Schyff, ***Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948*** (ongep. D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1974), pp.221 e.vv.

132 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/1022: brief van E. Louw aan D.F. Malan, 2 Aug. 1933.

133 ***Die Burger***, 23 Des. 1933: berig.

134 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/12, Korrespondensie en telegramme, Okt. 1933 - Des. 1933: brief van J.G. Strijdom aan C.R. Swart, 21 Nov. 1933.

soewereine onafhanklike staat buite die Britse Ryk gestrewe het.[135] Strijdom se standpunt was derhalwe onverbiddelik teen enige gedagte aan koalisie en samesmelting.

Hy skryf aan Van der Merwe dat hy oortuig is dat die onafhanklikheidskwessie vir die NP die hoogste prioriteit is, terwyl die versterking van die Britse konneksie vir die Unioniste as 'n beginsel voorrang geniet het. Malan wys op die nutteloosheid om al die "volkselemente in een kraal bymekaar te gooi" voordat fundamentele verskille opgelos is.[136]

### *3.5.4 HERENIGING MISLUK, SAMESMELTING REALISEER*

Dit het nogtans in Januarie 1934 geblyk dat Malan die eenheid van die NP steeds sterk gekoester het. Verskille ten opsigte van die opneem van sekere konstitusionele beginsels, soos die reg op neutraliteit en die reg op afskeiding in 'n nuwe party se Program van Beginsels, kon nie bygelê word nie. Ondanks hierdie verskille was Malan bereid om met Hertzog te onderhandel.[137]

Hierdie onderhandelings is onder leiding van Erasmus, Sekretaris van die Kaaplandse Hoofbestuur van die NP, aangeknoop. Hulle wou sekerheid van Hertzog hê oor 'n aantal konstitusionele vraagstukke: "dat dit die bedoeling is om in die voorgestelde nuwe party bymekaar te bring alleen Afrikaners - Afrikaans- sowel as Engelssprekend met dieselfde innerlike politieke oortuigings ... en dat met die oog daarop die nuwe party gegrond sal wees op 'n geskikte basis van nasionale beginsels verenigbaar met die beginsels van die Nasionale Party"; dat soewereine onafhanklikheid in die Program van Beginsels "so beskryf sal word dat daar geen twyfel kan bestaan omtrent die volle betekenis en inhoud daarvan nie", terwyl die Unie se staatkundige toekoms nie aan bande gelê sou word nie; dat die reg gegun sou word om propaganda vir 'n Republiek te maak; dat die Goewerneur-generaal voortaan 'n landsburger sou wees; dat die reg van appèl na die Britse Geheime

135 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/12, Korrespondensie en telegramme, Okt. 1933 - Des. 1933: brief van J.G. Strijdom aan C.R. Swart, 21 Nov. 1933.

136 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party*, deel 3 ..., p.473.

137 J.L. Basson, *J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan* ..., pp.72,73.

Raad afgeskaf sou word en dat die Nasionaliteitswette in ooreenstemming met die Unie se status gebring sou word."[138]

Aangesien die reg van sesessie en neutraliteit nie in die onderhandelings met Hertzog genoem is nie, het Strijdom en Swart hul wantroue in die onderhandelinge uitgespreek. Strijdom het nie kans gesien om met Smuts in dieselfde party te dien nie, aangesien daardie party ook kapitaliste en Ryksgesindes sou huisves.

Nadat Smuts van Hertzog se onderhandelinge met Malan en sy volgelinge in die Kaap te hore gekom het, het dit heelwat konsternasie in die SAP-geledere veroorsaak. Smuts het aan Hertzog verduidelik dat hy nie te vinde was vir 'n nuwe party wat die reg van afskeiding, neutraliteit en deelbaarheid van die Kroon bevestig het nie. Smuts het nie kans gesien vir 'n aansienlike wysiging in die wetgewing van die Unie rakende burgerskap nie. Hy het dit ook nodig geag dat 'n nuwe party se Program van Beginsels die bestaande konstitusionele status van die Unie sou onderskryf. Hertzog was geneë om aan Smuts se eise toe te gee en nie aan sy mede-Nasionaliste gehoor te gee nie. Hierdie instemming van Hertzog het inderdaad die hoeksteen van samesmelting gelê.[139] Hertzog het met hierdie ooreenkoms met Smuts duidelik getoon waar hy ten opsigte van die konstitusionele strydvrae gestaan het.

Die versoenbaarheid van Ryksgesinde en nasionalistiese beginsels het in hierdie tydperk die onderwerp van talle politieke toesprake en debatte uitgemaak. Die debatte rondom konstitusionele sake het gedurende 1934 hierdie verskille behoorlik op die spits gedryf.

Van der Merwe het op I Maart 1934 in Victoria-Wes opgemerk dat Ryksgesindheid en nasionalisme twee rigtings was wat in Suid-Afrika nie met mekaar versoenbaar was nie. Hy was van mening dat 'n liggaam waarin twee teenstrydige geeste woon, besete is. As die nuwe party besete gaan wees, wou hy niks daarmee te make hê nie.[140]

---

138 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.485; INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.264: F.C. Erasmus, Hertzog en Malan werk saam, 1934; vgl. ***Die Burger***, 16 Feb. 1934: berig.

139 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.494-497.

140 ***Die Burger***, 2 Mrt. 1934: berig.

***Die Burger*** het met Van der Merwe saamgestem en aan sy lesers gestel dat daar slegs 'n kunsmatige eensgesindheid tussen Nasionaliste en Ryksgesindes bestaan het. Volgens die blad was die Ministers in die Parlement besonder swygsaam aangesien hul gevrees het dat die kunsmatige eensgesindheid van die Koalisieregering aan die kaak gestel sou word.[141]

Op 9 Mei 1934 het Smuts 'n toespraak in Kaapstad gelewer waarin hy die Britse Ryk besonder groot lof toegeswaai het. Hoewel daar nie meer wetlike bande tussen die twee lande bestaan het nie, moes die ander bande met Brittanje nie vergeet word nie.

Smuts het spesifiek na 'n gemeenskaplike sentiment, 'n gemeenskaplike kroon en 'n gemeenskaplike burgerskap verwys wat daarop gedui het dat Suid-Afrikaners deur die wêreld as Britse onderdane geëien kon word.[142]

Indien Malan nog tot op daardie stadium getwyfel het of hy met Hertzog moes skik, het hierdie toespraak van Smuts sekerlik duidelik uitgespel watter beginsels in die nuwe party opgeneem sou word. Malan het daarom ook op 24 Mei 1934 in die Paarl op Smuts se standpunt gereageer. Hy het Hertzog gemaan dat hy nie moes toelaat dat die nuwe party se Program van Beginsels deur Smuts of sy aanhangers opgestel word nie. Dit sou veroorsaak dat anti-Smelters van Hertzog vervreem sou word.[143]

Ten einde samesmelting te bewerkstellig, was dit uiters belangrik dat die NP en SAP se kongresse 'n beginselbesluit ten opsigte van 'n verenigde party moes neem. Op 5 Junie 1934 is die Program van Beginsels vir samesmelting bekend gemaak. Twee weke later het die Federale Raad van die NP in Pretoria samesmelting in beginsel aangeneem. Die NP se kongresse moes die Federale Raad se besluit bekragtig. In Kaapland was daar egter groot teenkanting teen samesmelting. Die Nasionaliste aldaar het op 25 Julie met 164 stemme teen 18 besluit om die NP te

---

141 ***Die Burger***, 23 Mrt. 1934: hoofartikel.

142 ***Die Burger***, 10 Mei 1934: berig.

143 ***Die Burger***, 25 Mei 1934: berig.

laat voortbestaan. Hulle het daarom saam met anti-Smelters in die ander provinsies op 4 Desember 1934 die Gesuiwerde Nasionale Party gestig.[144]

Nadat die Vrystaatse kongres op 31 Julie 1934 ten gunste van samesmelting besluit het, het Van der Merwe en 26 ander lede wat die NP wou laat voortleef, hulle eie koers ingeslaan. Sowel die Transvaalse kongres op 8 en 9 Augustus 1934 as die Natalse kongres op 14 Augustus was 'n volslae oorwinning vir die Samesmelters.[145]

Die SAP se nasionale kongres het ook in Augustus 1934 in Bloemfontein plaasgevind. Die party het met 453 teenoor 8 stemme ten gunste van samesmelting besluit. Soos in die geval van die NP, het persone in die SAP wat samesmelting teëgestaan het, besluit om ook hul eie koers in te slaan. Kolonel C.F. Stallard, SAP-LV vir Roodepoort, en 'n klompie volgelinge het gevolglik die Dominiumparty gestig. Stallard was van mening dat die Nasionaliste se standpunt oor die Unie se status geseëvier het.[146]

Stallard het Suid-Afrika steeds as 'n onderhorige staat van Brittanje beskou. Die Unie se status was dus volgens hom nie gelyk aan dié van Brittanje nie. Stallard het opgemerk dat die Program van Beginsels van die te stigte party Suid-Afrika se status as 'n soewereine onafhanklike staat erken het[147] en dat die erkenning die resultaat van nasionale aspirasies van Nasionaliste was. Die Dominiumparty se hoofdoel was dus om te waak teen enige verswakking van die Britse konneksie.[148] In die volgende hoofstuk word daar breedvoerig hierop ingegaan.

Op 5 Desember 1934 het die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, kortweg die Verenigde Party (VP), gevolglik tot stand gekom.[149] Die party met Hertzog as

---

144 A. Paton, ***Hofmeyr***, p.158; vgl. J.C.H. Grobler, ***Politieke leier of meeloper?: die lewe van Piet Grobler, 1874-1942***, p.303.

145 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.580,582,586; vgl. J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan ...***, p.82.

146 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.581; vgl. S.L. Barnard & A.H. Marais, ***Die Verenigde Party: die groot eksperiment***, p.23; J.C.H. Grobler, ***Politieke leier of meeloper? ...***, p.304; vgl. A. Paton, ***Hofmeyr***, p.158.

147 S.L. Barnard & A.H. Marais, ***Die Verenigde Party ..***, pp.21,22.

148 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.18: beginsels van die Dominiumparty van Suid-Afrika, 31 Okt. 1934.

149 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.445.

leier en Smuts as onderleier het in hul Program van Beginsels uitgespel: "dat die land in harmonie met sy soewereine onafhanklike status, soos bekragtig deur die Statuut van Westminster en deur die status van die Uniewet, regeer sou word".[150] Daarbenewens het die Program van Beginsels die instandhouding van die Britse konneksie bepleit en ook aan lede die reg toegesê om hul persoonlike oortuigings ten opsigte van enige verandering van regeringsvorm uit te spreek.[151]

Hertzog en Smuts het bykans twee jaar onderhandel voordat 'n verenigde party gerealiseer het. Wat het intussen met Suid-Afrika se Britse konneksie gebeur? Strijdom was van mening dat samesmelting 'n groot ramp vir die Afrikaner was. Vir hom was samesmelting die grootste triomf wat die Ryksgesindes en Kapitaliste nog ooit oor die Afrikaner behaal het.[152]

Malan was ewe-eens van mening dat Unioniste met koalisie en samesmelting daarin geslaag het om die Britse konneksie te handhaaf. In dié proses het hulle, volgens Malan, 'n groot oorwinning oor die Nasionaliste behaal.[153]

Een van Smuts se biograwe het sy rol om die Britse konneksie te bewaar, só beskryf: "In the interest of the Empire's solidarity it was necessary to break the neutrality party which, in the event of war, might prove recalcitrant. By effecting coalition Smuts produced a crack in the fabric of Nationalism; with Fusion it burst asunder." Later kom hy tot die slotsom: "Smuts was thus able to persuade Hertzog gently but firmly to carry out his pro-Empire policy with greater effect than he himself could have done without Hertzog's support."[154]

Hierteenoor het W.H. Clark, Britse Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, tot die gevolgtrekking gekom dat die SAP in die proses van koalisie en samesmelting veel

150 United Party Archives, University of South Africa (UNISA), Pretoria, Congresses, 1934-1948, vol. 1: programme of principles of the United South African National Party, 5 Dec. 1934; vgl. INEG, Bloemfontein, C.J. Juta-versameling, PV 19, lêer 199: program van beginsels van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, 1934.

151 United Party Archives, UNISA, Pretoria, Congresses, 1934-1948, vol. 1: programme of principles of the United South African National Party, 5 Dec. 1934; vgl. INEG, Bloemfontein, C.J. Juta-versameling, PV 19, lêer 199: program van beginsels van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, 1934.

152 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., p.87.

153 ***Die Burger***, 7 Jul. 1934: berig.

154 F.S. Crafford, ***Jan Smuts: a biography***, p.270.

meer aan beginsels moes opgeoffer het as wat die geval met die NP was.[155] Die feit dat Hertzog op 14 Maart 1935 vir Engeland as Suid-Afrika se beste vriend beskou het[156], was volgens Clark "one of the finer fruits of fusion".[157]

Met inagneming van die feit dat Hertzog reeds in 1924 na Engeland as Suid-Afrika se "beste vriend" verwys het[158] ontstaan die vraag onwillekeurig of dit werklik as "one of the finer fruits of fusion" beskou kan word.

## 3.6 SAMEVATTING

Hertzog se optrede in 1933 en 1934 het die indruk geskep dat Suid-Afrika se konstitusionele bande met Brittanje nie verslap het nie. Hertzog het, soos reeds gesê, sedert 1926 die konstitusionele stryd as afgehandel beskou. Hy was ongeneë om sake wat die Unie se verhouding met Brittanje sou verswak, te hanteer.

Hierdie tydperk was vir Nasionaliste wat teen samesmelting besluit het, 'n geleentheid om opnuut hul nasionale beginsels te versterk in die eenheid van hul oortuiging dat Suid-Afrika se heil buite die Britse Gemenebes van Nasies gelê het.

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sou baie sterk deur koalisie en samesmelting beïnvloed word. Nasionaliste sou voortaan gevolglik skerper as ooit ingestel wees om elke geleentheid om die Britse konneksie te verbreek, aan te gryp.

Koalisie en samesmelting tussen Hertzog en Smuts was 'n groot stok in die wiel van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie. Die kompromie wat Hertzog met Smuts oor kardinale konstitusionele beginsels gesluit het, is bewys daarvan dat beide leiers Suid-Afrika se Britse konneksie wou handhaaf. In die proses van samesmelting tussen die twee leiers, het die Statuswette 'n belangrike plek ingeneem. Hierdie Wette word in die volgende hoofstuk bespreek.

---oOOo---

---

155 PRO, London, FO, 372/3098/T, file 4471, Dominion intelligence, 1935: letter from W.H. Clark to J.H. Thomas, 22 Mar. 1935.

156 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 14 Mrt. 1933, kol. 3265.

157 PRO, London, FO, 372/3098/T, file 4471, Dominion intelligence, 1935: letter from W.H. Clark to J.H. Thomas, 22 Mar. 1935.

158 Kyk hoofstuk 1, p.31.